**Skriflesing: Jeremia 7 vers 1 tot 11 en 23**
**Tema: Eredienste kan jou jou lewe kos.**

Die Here het Jeremia al vroeg in sy lewe geroep om 'n profeet te wees. Hy moes die volk waarsku teen oppervlakkige of vormgodsdiens en hulle oproep tot bekering. Hiervoor het hy 'n duur prys betaal. Hy is, veral deur kerkleiers, verwerp en vervolg. Ons lees in Jeremia 26 van die vervolging wat gevolg het op sy boodskap in Jeremia 7. Hy is die enigste Ou Testamentiese profeet wat in Afrika was. Hy skryf 'n deel van die boek Jeremia in Afrika, spesifiek in Egipte, waar hy ook sterf.

In die tyd van Jeremia 1 is Jojakim, 'n heidense koning, in beheer. Die volk beleef 'n tyd van godsdienstige verval. Hulle is ook onder druk van vyande wat hulle bedreig, eers die Assiriërs en dan later die Babiloniërs en Egiptenare.

Maar hulle het nog die tempel. Die tempel was vir Jode letterlik die woonplek van God. Dit was 'n simbool van Sy teenwoordigheid, 'n waarborg van Sy beskerming en dat Hy hulle nie in die steek sal laat nie. Omdat die tempel nog staan, het die volk geglo dat alles reg en veilig is.

So is daar vandag steeds mense wat dink dat die feit dat ons 'n kerkgebou het waarin elke sondag 'n erediens gehou word, beteken dat alles reg en veilig is. Wanneer ek vir mense vra hoe dit met hulle geestelike lewe gaan, antwoord baie van hulle dat hulle bietjie lanklaas in die kerk, met ander woorde, in die erediens was. Mense meet hulle geestelike lewens net aan die aantal geleenthede wat hulle in die erediens was, terwyl ons verhouding met die Here baie wyer as dit strek. Na die uitstorting van die Heilige Gees is die kerk nie meer 'n plek waarheen ons gaan nie, ons is die kerk. Ons liggaam is 'n tempel van die Heilige Gees.(1 Kor 3:16)

Die volk gaan tempel toe om die Here te dien. Dalk gaan hulle vir 'n godsdienstige fees of om hulle te verootmoedig oor hulle moeilike omstandighede. Hulle het vir geen oomblik gedink hulle is onverskillig nie. Hulle gaan dan tempel toe!

In die poort loop hulle vir Jeremia raak. Hy bring 'n boodskap van die Here, die Almagtige, die God van Israel. Ek dink die volk se monde het oopgehang oor die boodskap. Jeremia roep hulle in die tempelpoort op tot bekering!

Ons lees daarvan in Jeremia 7 vers 3 tot 5: [3]So sê die Here die Almagtige, die God van Israel: Maak julle lewe en julle dade reg, dat Ek julle kan laat bly in hierdie land. [4]Moenie julle vertroue stel in leuens nie. Julle sê: "Ons is veilig! Dit is die Here se tempel, dit is die Here se tempel, dit is die Here se tempel! Maak liewers julle lewe en julle dade reg. Doen aan mekaar wat reg is.

Die tempel waarborg nie die teenwoordigheid van God nie. Hulle koms na die tempel waarborg nie hulle veiligheid en dat hulle niks sal oorkom nie. Hul tempeldiens is nie 'n versekering teen swaarkry nie.

Die volk het van die tempel 'n rowerspelonk gemaak. Hulle kom kruip daar weg wanneer dit buite vir hulle te warm raak. Hier binne ontspan hulle en kuier lekker saam. Maar die oomblik wanneer hulle uitstap, gedra hulle hulle weer soos rowers, ook teenoor mekaar. Die volk stap uit die tempel en steur hulle nie aan God se gebooie nie. Ons lees dat hulle die eerste, tweede, sesde, sewende, agtste en negende gebod oortree. En daarom gaan die Here onheil oor hulle bring. Hy gaan hulle verwerp en vernietig.

Die Here waarsku Sy volk: "As julle My nie voluit dien nie, sal Ek self My tempel vernietig. Ek sal maak soos by Silo, waar die tabernakel of tent van samekoms verlate is. Ek sal maak soos met Efraim, in die Noordryk, waar die tempel al vir meer as 'n eeu in puin lê."

Ons kan vandag steeds in dieselfde slaggat trap. Ons roem op ons kerkgebou asof God hier woon. Ons woon die eredienste by en stap, baie tevrede dat ons hier was, uit en gaan doen maar net weer gruwelike dinge. Ons was mos in God se teenwoordigheid! Maar ons stap hier uit asof Hy agterbly. Ons maak die kerkgebou saam met die Bybel toe tot volgende Sondag. Die reëls wat hier geld, geld nie in ons wêreld daar buite nie.

Die Here wil egter nie Sy volk en die tempel vernietig nie, daarom roep Hy hulle deur Jeremia op om tot bekering te kom. En bekering is om jouself met alles wat jy is en het 24/7 aan die Here oor te gee.

Dit laat my dink aan die verhaal van 'n man wat 'n groot skat iewers raakgeloop het. Hy kon sy oë nie glo nie, want die skat kos hom net alles wat hy het. Hy het geglimlag, want hy het net 'n paar rand by hom. Aan die man by die skat bevestig hy dat die paar rand alles is wat hy by hom het. Die man het hom gevra om ook sy skoene uit te trek.
Hy sê dat dit nie so erg is nie, want: "Ek het darem 'n motor om mee te ry."
"O jy het 'n motor, dan wil ek graag ook jou motorsleutel hê."
"Maar hoe gaan ek dan by die huis kom?", vra die man.
"O jy het 'n huis, gee dan asseblief ook jou huis in ruil vir die skat", het die bewaarder van die skat gesê. 'Jy kan nie my huis vat nie, waar moet vrou en kinders bly?
"O, jy het 'n vrou en kinders…"

Die Here vra nie net ons uur- erediens, dankoffer of lidmaatskap nie. Hy vra dat ons uit dankbaarheid alles wat ons is en het, ons ganse lewe, aan Hom sal oorgee. In Markus 9 vers 40 sê Jesus: "Wie nie téén ons is nie, is vír ons." Daar is geen sogenaamde goue middeweg nie. Of jy is vir die Here, of jy is teen Hom.

Eredienste kan jou jou lewe kos. Hierdie erediens moet voortgesit word in die erediens van die lewe waarin ons die Here en mekaar liefhet. Ons moet Sy lewe en sorg deel met mekaar. Ons moet na die vreemdelinge en hulpbehoewendes omsien. As ons dit nie doen nie, beteken hierdie erediens niks nie.

Die Here waarsku ons dat ons nie van die kerkgebou en eredienste wat hier gehou word, 'n rowersnes moet maak nie. Hy roep vir ons op om Sy fontein van liefde te wees.

Wanneer ons Hom so dien, belowe Hy om ons te seën. Ons lees in Jeremia 7 vers 7: "As julle aan My gehoorsaam is, sal Ek julle in hierdie plek laat bly, in hierdie land wat Ek vir altyd aan julle voorvaders gegee het. Wanneer ons aan Hom gehoorsaam is, seën Hy vir ons om tot seën vir ander te wees.
**Amen**